

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH KONVOKASIE

Notule van die Jaarvergadering van die Konvokasie op Donderdag 7 November 2013 om 19:00 in die HB Thom-teater, Victoriastraat, Stellenbosch.

1. Konstituering.

Die President, prof Christo Viljoen, verklaar die vergadering behoorlik gekonstitueer, ooreenkomstig die voorskrifte en prosedures soos uiteengesit in die Statuut.

Daar is 54 lede en 5 besoekers aanwesig.

2. Opening.

Die President behartig die opening. 'n Oomblik van stilte word gegee

3. Verwelkoming.

Die President verwelkom alle eregaste, lede van die Universiteitsraad en Konvokasie, metgeselle en besoekers.

Die President noem dat hy nie alle verskonings gaan voorlees nie, maar wil wel die twee UK(K)-lede (wat in Gauteng woonagtig is) wat afwesig is se verskonings vermeld. Aanwesiges word aangemoedig om hulle name op die presensielyste, wat gesirkuleer word, aan te bring, asook enige verskonings namens afwesiges direk op die presensielyste aan te dui.

Daar word melding gemaak van die tolkdienste wat beskikbaar is, vir diegene wat sou verkies om die vergadering in Engels te volg.

4. Notule van die vorige vergadering van 8 November 2012.

Die notule word goedgekeur.

5. Notule van die buitengewone vergadering van 11 April 2013.

Die notule (in die vorm van 'n rapport deur die UK(K) aan die Raad) word aanvaar.

6. Toekenning van die oorkonde vir gemeenskapsdiens aan prof Narisscia Botha.

Die toekenning word jaarliks aan een uitstaande lid van die Konvokasie gegee, wat in hulle lewe en werk erken en geëer word vir buitengewone diens aan die gemeenskap.

Motivering

Prof. Narisscia Botha is 'n afgetrede hoogleraar in Maatskaplike Werk aan die Universiteit Stellenbosch en tans woonagtig in die aftree-oord la Clémence van waar sy haar inspirerende en briljante loopbaan as leier in Maatskaplike Werk voortsit. Sy word vir hierdie toekenning genomineer omdat sy in haar vakgebied die versinnebeelding van die volledige integrering van kennis en diensbaarheid aan die gemeenskap is en 'n bron van inspirasie vir almal wat met haar pad kruis.

In haar loopbaan het sy op talle kommissies en komitees gedien wat met die maatskaplike versorging van mense in nood gemoeid is. Sy sit dit na haar aftrede met net soveel energie voort ten spyte van persoonlike gesondheidsprobleme wat iemand anders maklik sou laat onttrek het aan dié veeleisende verantwoordelikhede. Sy het vyftien jaar as raadgewer vir die NG en VGK se barmhartighedsarm BADISA (Barmhartighheidsdiens Saam) opgetree en lewer nog steeds onskatbare diens aan individue in aftree-oorde en ouetehuse. In aftree- en versorgingsoorde begelei sy die bejaardes en hulle kinders wanneer moeilike besluite oor hulle versorging geneem

moet word. Sy ontferm haar nie net oor die inwoners nie, maar ook oor die werkers soos blyk uit die wyse waarop sy vir 'n jong kelner wat as jong ongetroude 'n verswakte oupa aan huis moes versorg, gehelp het om die oupa in 'n ouetehuis opgeneem te kry. Haar bedrewenheid om oues van dae wat aan Alzheimer ly te begelei, inspireer geneeshere en familie. Met haar uitgebreide kontakte in en skakeling met die maatskaplike sorg bedryf, kon sy talle mense geplaas kry in plekke waar hulle dit nie uit hulle eie sy kon doen nie.

Sy word in besonder genomineer vir haar aandeel in die *Joint Venture Trust* waar sy as vrywilliger saam met dr. Edwin Dillon en ander vrywilligers omsien na agtergeblewenes wat moeilik loop, iets waarvan sy self ondervinding het. *Joint Venture* is 'n inisiatief onder beheer van die *Joint Venture Trust* wat twee keer per maand gratis operasies doen op persone wat heup en knie probleme ondervind. Die pasiënte beskik nie oor mediese dekking nie en word daarom deeglik vooraf geëvalueer en voorberei om te verseker dat hulle werklik behoeftig is, dat hulle 'n klein kontantbydrae kan maak om hulle selfbeeld te versterk en dat hulle lewensomstandighede sodanig is dat hulle na die operasie kan herstel en met hulle lewe voortgaan. Narisscia Botha doen as vrywilliger al die besoeke aan potensiële pasiënte, evalueer hulle omstandighede en begelei hulle voor en na die operasies. Sy het self heup en knieervangings ondergaan en met haar empatiese professionalisme en haar begrip vir die beperkinge wat swak gesondheid op mense plaas, is sy onvermoeid in haar ywer om ander te besoek, te bemoedig en te help om weer betekenis aan hulle lewens te gee.

Die feit dat Narisscia instrumenteel was om die treffende 2,5 meter hoë simboliese beeld wat die Nederlandse beeldhouer egpaar Huub en Adelheid Kortekaas van Wissen in Nederland ter ere van Nelson Mandela aan Suid-Afrika geskenk het, by die Drakenstein gevangenes te laat plaas, is tekenend van haar veelsydige omgee gesindheid. Die beeldhouers het ook *Een Ode aan de Vrouw* aan 33 *bevlogene* vroue van oor die hele wêreld toegeken omdat hulle simbool is van *alle gepassioneerde en krachtige Vrouwen in de wereld*. Hulle voldoen aan wat die beeldhouers bedoel met hulle *Manifest Female Energy*. Narisscia is een van die 33.

Toekenning

Die oorkonde word aan prof Botha oorhandig. Prof Botha ontvang die toekenning met groot dankbaarheid, wat die toekenning nie vir haarself alleen ontvang nie, maar ook namens twee groepe mense.

Eerstens wil prof Botha dr Dylan, wat al die geld insamel vir die operasies en wat die operasies self doen ook, bedank nie net vir die werk waarby hy betrokke is nie, maar ook vir die manier waarop hy die werk doen. Dr Edwin Dillon wil die persoon agter die operasie ken en die persoon wat die toekenning ontvang se lewe help verbeter, sê prof Botha.

Tweedens wil prof Botha die Hollandse egpaar, mnr Huub Kortekaas en mev Adelheid Kortekaas, wat een van tien unieke toekennings wat wêreldwyd toegeken word aan leiers in die meebring van vrede aan mnr Nelson Mandela, amptelik met hierdie toekenning bedank.

7. Geleentheidspreker: **Prof Johann Groenewald.** Die titel van sy voordrag is: **“Strategiese keuses vir die navorsingsuniversiteit: drie hoera's? Twee? Of net een?”**

Die President stel die geleentheidspreker voor en verwelkom hom na die verhoog om die vergadering toe te spreek.

Bekendstelling

Professor Johann Groenewald doseer sosiologie aan die Universiteit van Kaapstad (as lektor), Stellenbosch (as mede-professor) en Pretoria as professor en hoof van die Departement). Hy het navorsingsgenootskappe gehou by die *London School of Economics*, en die Yale Universiteit, in die *Southern African Research Program*. Hy publiseer twee monografieë en 'n aantal essays en artikels; lewer referate op 25 nasionale en internasionale konferensies en lewer agt ongepubliseerde tegniese

navorsingsverslae. Hy was die eerste president van SASA (*South African Sociological Association*) in 1993 en die eerste redakteur van SASA se nuwe tydskrif, *Society in Transition*, in 1996.

In 1994 word hy aangestel as Senior Direkteur: Navorsing aan die Universiteit Stellenbosch. In 2003 is hy verplaas na Institusionele Beplanning en in 2005 word hy aangestel as strategiese beplanner by dieselfde universiteit. Hy het opgetree as ouditeur in die Hoër Onderwys Gehaltekomitee se oudits van verskeie hoër onderwysinrigtings. In 2002 was hy 'n stigterslid van die Suider-Afrikaanse Navorsings-en Innovasiebestuur-vereniging (SARIMA), asook vise-president: Kapasiteitsbou vanaf die stigting in 2002 tot 2006.

Sedert 2009 dien hy as die vlagskipprojek-konsultant in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch, en was betrokke by vir die totstandkoming van die Nagraadse Skool en die koördinerende van PANGeA (*Partnership for Africa's Next Generation of Academics and Professionals*). Hierdie projek koördineer tans voltydse doktorale studieprogramme vir sowat tagtig voltydse beursstudente van Sub-Sahara-Afrika.

Voordrag

Prof Groenewald groet lede van die vergadering en bedank die Konvokasie vir die geleentheid om die vergadering toe te spreek. Hy noem dat daar drie belangrike vrae aan 'n navorsingsuniversiteit gerig word, naamlik:

(1) Wat is 'n navorsingsuniversiteit?

Prof Groenewald verwys na drie funksies wat 'n universiteit beskryf, naamlik onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens. Veral die onderrig en leer-funksie, wat lei tot tersiêre kwalifikasies, is uniek tot 'n universiteit (hoewel hy ook na ander instellings, soos FET-kolleges, verwys wat leer en onderrig op tersiêre vlak aanbied). Ander instansies kan navorsing en gemeenskapsdiens doen, maar onderrig en leer is uniek tot 'n instansie soos 'n universiteit, sê hy. Gemeenskapsdiens is 'n belangrike, hoewel dikwels onderwaardeerde, aspek van die funksionering van 'n universiteit. Navorsing funksioneer egter ook baie sterk vir universiteite, veral in die vasstelling van internasionale rangordelyste, veral sedert die stigting van die Humboldt Universiteit in Duitsland, wat gedryf word deur die visie vir skepping van nuwe kennis.

Die navorsingsuniversiteit is daarom 'n uniek 21^{ste} eeuse instelling, wat gedryf word deur die bydrae tot en deelname aan 'n groeiende kenniseconomie. Hierdie tipe universiteit word deur 'n aantal belangrike tendense gekenmerk.

(2) Watter belangrike veranderinge of tendense is te bespeur binne tersiêre instellings?

Eerstens is daar 'n algemene tendens na 'n verbreding van toegang, wat veral op die kontinent van Afrika 'n groot uitdaging is.

Tweedens is daar 'n algemene tendens van verminderde openbare steun, wêreldwyd en ook in Suid-Afrika, voor en na apartheid. Die regering se bydrae en finansiële ondersteuning aan openbare tersiêre instellings stelselmatig verminder. Navorsingsuniversiteit kompenseer hiervoor deur onderriggelde stelselmatig te verhoog.

Derdens is daar 'n toenemend groter klem op verantwoordbare bestuur en verslagdoening binne universiteite. Daar is dus 'n groter klem op bestuur en administrasie, wat toegeneem het omdat daar al hoe meer rapporte en verslae is wat vereis word deur regerings, en 'n kleiner klem op die werklike produksie van nuwe kennis en navorsing.

Vierdens is daar 'n verhoogde kennisproduksie (en 'n groter vraag na kennisproduksie) wêreldwyd, ook in ons land.

Vyfdens is daar 'n toenemende klem op die kenniseconomie en internasionalisering, wat kulturele en geografiese grense verskuif en oorskry deur tegnologiese vooruitgang en mobiliteit. Afrika staan egter 'n besondere uitdaging, wat die toegang tot tersiêre onderrig en opleiding aanbetref, in die gesig, meen

prof Groenewald.

(3) Watter strategiese keuses word deur die bestuur van navorsingsuniversiteite uitgeoefen?

Daar is baie min navorsingsgedrewe tersiêre inrigtings in Afrika, argumenteer prof Groenewald.

Die vraag wat gevra word is wie die septer swaai by 'n universiteit: Studente? Bestuur? Administratiewe personeel? Die gemeenskap? Die Konvokasie? Die Raad? Die Regering?

As 'n universiteit uitnemend is en wil wees in navorsing, meen prof Groenewald (hy voeg by dat daar geen universiteit is wat nié uitnemend wil wees in navorsing nie), sou 'n universiteit selektief moes wees in die keuse van studente, 'n verbreding van toegang hoog op prys moes stel, asook gemeenskapsdiens as 'n prioriteit voorhou. Hierdie kom egter teen 'n prys, meen prof Groenewald, waarvoor universiteite versigtig sou moes besin.

Die Vise-president, adv. Jan Heunis, bedank die geleentheidspreker.

8. Mededelings deur die Rektor, prof Russel Botman.

Prof Botman meen dat die belangrikste ding wat vanjaar gedoen is, is om aan die Raad 'n voorlegging te doen van 'n dokument genaamd "Universiteit Stellenbosch Institusionele Voorneme en Strategie 2013 – 2018." Daarin is 'n hele klomp uitdagings, soos 'n verhoogde aflewering van doktorsgrade, vervat. Daarin word die volgende vermeld: "Die US is inklusief, innoverend en toekomsgerig; 'n plek van ontdekking en uitnemendheid waar sowel personeel as studente denkleiers is wat kennis tot diens van alle belanghebbendes bevorder." Hiermee word drie prioriteite – inklusiwiteit, innovasie en toekomsgerigtheid – voorop geplaas in die universiteit se beplanning rondom visie en strategie. Die dokument is in April 2013 deur die Raad aanvaar. Hierdie dokument prioritiseer die volgende aspekte:

- Lei denkleiers vir die toekoms op.
- Nuwe teikenmarkte vir kennis ontsluit.
- Diversiteit in die sosiale- en natuurwetenskappe bevorder.
- Leier op navorsings- en innovasiegebied wees.
- Uitblink in sake- en maatskaplike entrepreneurskap.
- Toonaangewende globale universiteit van die 21^{ste} eeu wees.

Die universiteit doen tans baie goed, meen prof Botman. Hy verwys na 'n verskeidenheid van ranglyste waarop die US tans verskyn, en verwys spesifiek na die verbeterde posisie wat die US op talle van hierdie ranglyste beklee. Die US word onderskeidelik as 3^{de} (Times Higher Education World University Rankings 2012/2013) en 2^{de} (CWTS Leiden Rankiong of Scientific Impact 2013) beste universiteit in Afrika aangemeld, en is deur die Departement Hoër Onderwys en Opleiding as die beste navorsingsuniversiteit in Suid-Afrika tans aangewys.

Prof Botman wys daarop dat die alumni kan help om 'n verskil te maak deur middel van die US Beursfonds, wat deure oopmaak vir behoeftige studente.

9. Mededelings deur die President, prof Christo Viljoen.

Die UK(K) het 'n gespreksgeleentheid op 22 Januarie 2013 gehou oor die koshuistoelatingsbeleid, wat beroep is weens 'n mosie wat ingedien is oor hierdie beleid. Die buitengewone vergadering het op 11 April 2013 plaasgevind, waar hierdie mosie bespreek is. Prof Viljoen meen dat hierdie vergadering van 'n uitstekende, akademiese gesprek getuig het, wat eweneens 'n verskeidenheid van groeperinge – jonk en oud, byvoorbeeld, aan albei kante van die debat – bevat het. Na aanleiding van hierdie mosie en gepaardgaande debat is twee belangrike veranderinge aan die beleid aangebring, het prof Viljoen van die Vise-rector: Onderrig en Leer, prof Arnold Schoonwinkel, verneem.

Die President verwys na 'n verskeidenheid van uitnemende gebeurtenisse en prestasies op sportgebied

deur US studente, insluitende die finalisering van die Olimpiese standaard swembad by Coetzenburg-stadion.

Die President verwys daarna dat die US as die voorste navorsingsinstelling in Afrika aangewys is, met spesifieke verwysing na 'n beduidende toename van 30% in navorsingsuitsette vanaf 2011 na 2012.

Die Akademie vir Wetenskap en Kuns se bekroningsgeleentheid is enkele weke gelede in die HB Thom-teater gehou, waar US-navorsers en oud-Maties uitblink het met toekennings op 'n verskeidenheid van gebiede. Geen ander universiteit het soveel toekennings ontvang nie.

Die meertaligheidsmodel is tans in werking gestel, deurdat fluistertolkdienste en PMO vanjaar op kampus aangebied is. Strategiese voornemens van hierdie model sluit die opleiding van die beste studente in SA, makliker toegang (ook vir BSI studente), studie in voorkeurtale vir studente, die viering van diversiteit, en die haalbaarheid van PMO en opvoedkundige tolking in. Prof Viljoen verduidelik hoe, volgens die meertaligheidsmodel, PMO en tolking op kampus geïmplementeer word.

Prof Viljoen fokus ook op die uitdagings vir universiteit in die 21^{ste} eeu. Na gelang van drie belangrike internasionale konferensies wat hieroor gehou is, verwys prof Viljoen na enkele aspekte hiervan:

- Groter aandrag op missie-gerigte navorsing en onderrig.
- Interdisiplinêre navorsing en studies.
- Produkgerigte navorsing.
- Klimaatsverandering, energie, water, en menslike ontwikkeling as fokus-navorsingsgebiede.
- Veranderinge in onderrig- en leermodel ten einde kritiese en skappende denke in afgestudeerdes te bevorder.
- Ingesteldheid op lewenslange leer – herhaaldelike vernuwingskursusse – in die kennisekonomie.
- Internasionalisering en kompetisie vir akademici en studente.
- Befondsingsdruk.
- Benutting van inligting en kommunikasie-tegnologieë vir die skep en disseminasie van kennis – “kuberwysheid” – breëband kommunikasie.
- Die groot fokus op MOOC – “massive open online courseware” – internasionaal, wat studie by meerdere inrigtings (en daarmee saam kompetisie tussen universiteite) behels.
- Skepping van welvaart en werkgeleenthede deur middel van tegnologie-oordrag na nywerhede: sosiale verantwoordelikheid en kennis-oordrag is kern hierin.
- Bevordering van entrepreneurskap.

Prof Viljoen sluit af deur te wys op 'n aantal belangrike dokumente wat die universiteit opgestel het en wat aanvaar is deur die Raad as strategiese dokumente. Prof Viljoen getuig van die integriteit en belangrikheid van hierdie dokumente, en bedank die universiteitsraad en universiteitsbestuur daarvoor.

10. Afsluiting.

Daar sal vroeg volgende jaar (2014) weer 'n verkiesing van drie Raadslede deur die Konvokasie op die Uiversiteitsraad plaasvind, waarop hy die vergadering wil attent maak sodat lede nou reeds kan begin dink aan moontlike kandidate hiervoor.

Die President bedank die Vise-reaktor: Navorsing, prof Eugene Cloete, vir sy beskikbaarmaking van 'n klein begroting vir die Konvokasie, waaruit 'n gedeelte van die verversings befonds is.

Alle aanwesiges (konvokasielede en besoekers) word hartlik genooi vir verversings en gesellige

verkeer in die foyer voor die saal onmiddellik na afloop van die vergadering.

Die President, Prof Christo Viljoen, sluit die verrigtinge af en bedank al die partye betrokke by die reëlins en uitvoering van die jaarvergadering.

Die vergadering eindig om 21:15.

---oOo---

Nadia Marais

SEKRETARIS : KONVOKASIE

8 November 2013

Afwesig met verskoning

1. Ds R Nel
2. Mnr J Abels
3. Prof E Cloete
4. Prof A Schoonwinkel
5. Prof A Van Wyk
6. Mev Van Wyk

Aanwesig: Konvokasielede

1. Prof HR Botman
2. Dr JC Heunis
3. Dr GC du Toit
4. Prof JP Groenewald
5. Mev Truida Prekel
6. Mnr WA Liebenberg
7. Mnr K Truter
8. Mev Tita Truter
9. Mev AM Van Velden
10. Dr DP Van Velden
11. Mnr IJ Van der Merwe
12. Mev W Giliomee
13. Prof JH Giliomee
14. Mev JS De la Bat
15. Mnr RS De la Bat
16. Mev E Cillié
17. Mnr GG Cillié
18. Mev S Smith
19. Mev ADM Visser
20. Dr JM Van der Mescht
21. Mnr JMH Van der Mescht
22. Mev C Pauw
23. Mev Y Coetsee
24. Mej M Louw
25. Mnr HP Koekemoer
26. Mev JE Wiese
27. Mnr FA Swanepoel
28. Dr FFJ Brand
29. Mev AMP Brand
30. Mej M Koeries
31. Mnr MC Leslie
32. Menr MA Pretorius
33. Mnr JS De Lange

34. Mnr J Blanckenberg
35. Prof JB du Toit
36. Prof HC Viljoen
37. Prop N Marais
38. Prof P Maritz
39. Mev M Mevs
40. Prof RW Pakendorf
41. Mev O Pakendorf
42. Mev MR Roux
43. Mnr E Roux
44. Ds A Roux
45. Mnr M Shaikh
46. Mnr JA Aspeling
47. Prof PJ Bakkes
48. Mev BHID Kaap
49. Prof PH Kapo
50. Mev M Du Toit
51. Mnr JD Knoblauch
52. Dr CL Steenekamp
53. Mev S Van Huyssteen
54. Prof L Van Huyssteen

Aanwesig: Besoekers

1. Mev CS Roux
2. Mej S Van der Berg
3. Mej S Lamprecht
4. Mej J Groenewald
5. Mev H Viljoen